**“zoning”** when used as a noun, means a category of directions regulating the development of land and setting out the purposes for which the land may be used and the land use or land use provisions applicable in respect of the said category of directions, as determined by the Zoning Scheme;

**“zoning scheme”** means the zoning scheme or schemes applicable to the area and in force within the Langeberg Municipal Area.

- (2) In this By-law, unless the context indicates otherwise, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act has that meaning.

## 2. Application of the By-Law

This By-law applies to all:

- (1) Licensees, licensed to sell liquor in terms of the Act or any other applicable legislation;
- (2) Licences renewed in terms of the Liquor Act, 1989 (Act No. 27 of 1989),  
within the Langeberg Municipal Area.

## 3. Trading days and hours for sale and consumption of liquor on licensed premises

- (1) A licensee may sell liquor for consumption on the licensed premises on the following days and hours:
  - (a) on any day of the week; and
  - (b) during the hours of trade as set out in the Schedule.
- (2) Despite subsection (1), a hotel or guest accommodation establishment licensed to sell liquor may offer a room service facility at any time of the day.
- (3) Despite the provisions of this By-law, a licensee as contemplated in subsection (1), may serve sparkling wine:
  - (a) from 08:00 to 11:00 for seven days a week;
  - (b) as part of a meal; and

- (c) to guests who are part of an organised function where admittance is controlled.

**4. Trading days and hours consumption of liquor off licensed premises**

- (1) A licensee, excluding wineries, wine and chain shops, may sell liquor for consumption off the licensed premises on the following days and hours:
- (a) from Monday to Friday from 09:00 to 20:00; and
  - (b) on Saturdays from 09:00 to 18:00
- but not on Sundays.
- (2) Licensed wineries and wine and chain shops may sell liquor for consumption off the premises on the following days and hours:
- (a) from Monday to Saturday from 09:00 to 20:00; and
  - (b) on Sundays from 09:00 to 17:00.

**5. Hours and days of trading**

- (1) The trading hours and days, of the different kinds of licences, as listed in column 1 of the Schedule, have been determined by the municipality as listed in column 2 of the Schedule and may, subject to section 4, be reviewed by the municipality from time to time.
- (2) No licensee may sell liquor from any of the premises listed in column 1 of the Schedule to a person at a time other than those hours listed in column 2 of the Schedule.
- (3) A licensee who contravenes subsection (2) commits an offence.

**6. Transitional provisions**

- (1) Subject to the provisions of the Act, trading hours applicable to a liquor licence issued before the commencement of this By-law shall continue to apply until such licence is renewed in terms of the Act.
- (2) The trading hours referred to in subsection (1) shall be valid until the licence has lapsed as contemplated in section 62(2) of the Act.

**7. Offences and penalties**

- (1) A licensee who contravenes sections 3 and 4 of this By-law commits an offence.
- (2) A licensee who commits an offence referred to in subsection (1) is, on conviction, liable for a fine not exceeding R30 000,00 or to a term of imprisonment not exceeding three years, or both such fine or such imprisonment.
- (3) Any person who commits a continuing offence shall be guilty of an offence for each day during which that person fails to comply with this By-law.
- (4) A court convicting a person of an offence under this By-law may impose alternative sentencing in place of a fine or imprisonment.
- (5) A person who sells liquor in contravention of the conditions of a licence is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or imprisonment or both, as specified in the Act (Sections 32(3) and 87, of the Act, as amended).
- (6) A person may not sell liquor without a licence. A person who sells liquor without a licence, and without being exempt in terms of Section 84 of the Act, as amended, is in contravention of the Act and is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or imprisonment or both, as specified in the Act (Sections 32(3) and 87 of the Act, as amended).

**8. Short title and commencement**

This By-law may be cited as Langeberg Municipality Liquor Trading Hours By-Laws, and come into force upon publication in the Provincial Gazette.

**SCHEDULE**  
**Trading hours for consumption of liquor on licensed premises**

| Location category & licensed premises type  | Maximum permitted trading hours |
|---|---------------------------------|
| <b>1. Residential area</b>  |                                 |
| Guest accommodation establishment   | 11:00 – 23:00                   |
| Business premises   |                                 |
| Sports and community club excluding special events requiring temporary licences   |                                 |
| Place of entertainment  |                                 |
| Hotel   |                                 |
| Casino  |                                 |
| <b>2. Local or neighbourhood business area including mixed use areas</b>  |                                 |
| Guest accommodation establishment   | 11:00 – 23:00                   |
| Business premises   |                                 |
| Place of entertainment  |                                 |
| Sports and community club excluding special events requiring temporary licences   |                                 |
| Hotel   | 11:00 – 01:00                   |
| Casino  | Following day                   |
| <b>3. General business area</b>   |                                 |
| Guest accommodation establishment   | 11:00 – 24:00                   |
| Business premises   |                                 |
| Place of entertainment  |                                 |
| Sports and community club excluding special events requiring temporary licences   |                                 |
| Hotel /Casino   |                                 |
| <b>4. Industrial area</b>   |                                 |
| Business premises   | 11:00 – 01:00 following day     |
| Place of entertainment  |                                 |
| Sports and community club excluding special events requiring temporary licences   |                                 |
| <b>5. Agricultural area/small holdings</b>  |                                 |
| Guest accommodation establishment   | 11:00 - 02:00 following day     |
| Place of entertainment  |                                 |
| Sports and community club excluding special events requiring temporary licences   |                                 |
| Winery  |                                 |
| Hotel   |                                 |
| <b>6. Other ad-hoc locations</b>  |                                 |
| Vehicles or mobile undertakings used for tourist or entertainment or recreational purposes as per definition or “premises” in section 1 of the Act, except where any other Langeberg Municipality By-law determines otherwise | 11:00 – 24:00                   |
| Special events or temporary licensed premises   | As determined by permit         |

**Note: Determination of applicable location in category**

Where the location in category as set out above is unclear or in dispute or difficult to determine or areas are not zoned homogenously (e.g. a business zoned premises in the middle of a residential zoned area), the actual zoning, consent or departure use rights of the subject licensed premises will take precedence in order to determine the category.

## LANGEBOERG MUNISIPALITEIT

## DRANKHANDELSURE VERORDENING

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, artikel 11(3)(m) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) en artikel 59(2) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) verorden die Langeberg Munisipaliteit as volg:

**Doel van die verordening**

Die bepaling van verskillende handelsdae en -ure vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir gebruik op en/of buite gelisensieerde persele.

## INHOUDSOPGAWE

1. Woordomskrywings
- (2) Toepassing van Verordening
- (3) Handelsdae en -ure vir verkope en verbruik van drank op gelisensieerde persele
- (4) Handelsdae en -ure vir verbruik van drank buite gelisensieerde persele
- (5) Handelsure en -dae waarop handel gedryf mag word
- (6) Oorgangsbepalings
- (7) Oortredings en boetes
- (8) Kort titel en inwerkingtrede

## Skedules

**1. Woordomskrywings**

- (1) In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

**“algemene sakegebied”** ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as algemene sakeondernemings of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om ekonomiese aktiwiteit in sakegebied en ontwikkelingskorridor te bevorder, en sluit ’n wye reeks grondgebruike soos sake-, residensiële en gemeenskapsgebruike in;

**“amptenaar”** beteken enige persoon wat deur die munisipaliteit gemagtig is om die funksies van ’n amptenaar ingevolge hierdie verordening te verrig en dit sluit enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige persoon wat ingevolge die Wet aangestel is in;

**“casino”** beteken casino soos omskryf deur die Nasionale Wet op Dobbelaar, 2004 (Wet no 7 van 2004) en sluit dit in ’n hotel, sakeperseel, plek vir die aanbied van “gebeurtenisse”, plekke van vermaaklikheid of enige ander ontspanningsfasiliteit of toerisme attraksies as deel van die kompleks;

**“die Wet”** die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No. 4 van 2008);

**“drank”** drank soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet;

**“Drankraad”** beteken die Wes-Kaapse Drankraad ingestel kragtens artikel 2 van die Wet;

**“gelisensieerde”** enige persoon wat gelisensieer is om drank ingevolge die Wet te verkoop en sluit enige gelisensieerde perseel, sakeonderneming, afsetpunt of grondgebruiksaktiwiteit van waar drank verkoop word, in;

**“geregistreerde perseel”** beteken ’n perseel waarop of waarvan ’n lisensiehouer sy of haar besigheid bedryf;

**“hotel”** ’n eiendom gebruik as tydelike residensiële huisvesting vir verbygaande gaste waar verblyf of maaltye teen vergoeding verskaf word, en sluit in:

- (a) ’n restaurant of restaurante wat deel uitmaak van die hotel;
- (b) konferensie- en vermaakfasiliteite wat ondergeskik is aan en bykomstig is tot die hoofgebruik van die perseel as ’n hotel;
- (c) persele wat gelisensieer is om alkoholiese drank te verkoop vir verbruik op die eiendom,

maar sluit ’n buiteverbruikfasiliteit, instelling vir gaste-akkommodasie, woonhuis of wooneenheid uit;

**“instelling vir gaste-akkommodasie”** perseel gebruik as tydelike residensiële huisvesting vir, en sluit die voorsiening van maaltye aan, verbygaande gaste teen vergoeding in, en sluit ’n oorblyfplek vir rugsakstappers, ’n bed-en-onbyt-instelling, gastehuis en gasteplaas of lodge, asook fasiliteite vir besigheidsvergaderings, konferensies, byeenkomste of opleidingssessies van inwonende gaste in, maar sluit ’n hotel uit;

**“kleinhoewe of landelike gebied”** beteken gebied wat hoofsaaklik as landelik gesoneer is of enige ander soortgelyke sonering, met die doel om kleiner landelike eiendomme te akkommodeer wat vir landboudoeleindes gebruik word, maar wat ook primêr gebruik kan word as woonplek in ’n landelike omgewing;

**“landbougebied”** ’n gebied hoofsaaklik vir landbou gesoneer of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om landbouaktiwiteit op ’n plaas as ’n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm, waar beperkte voorsiening gemaak

word vir nie-landbougebruik om aan eienaars beduidende negatiewe uitwerking op die primêre landbouhulpbron te veroorsaak;

**“Langeberg Munisipaliteit”** die Langeberg Munisipaliteit gestig deur die Instellingskennisgewing No. 491 van 2000, soos gewysig, sluit die dorpe Ashton, Bonnievale, Robertson, McGregor en Montagu asook aanliggende landelike gebiede in en “Munisipaliteit” het ’n ooreenstemmende betekenis;

**“kamerdiens fasiliteite”** beteken ’n minikroeg of selfhelp fasiliteit vir die verbruik van alkohol in gastekamers asook inbeldiens vir inhuys gaste;

**“nywerheidsgebied”** ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as algemene nywerheid of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om alle vorme van nywerheid te huisves met inbegrip van vervaardiging en verwante verwerking, maar sluit skadelike of gevaarlike risiko-aktiwiteite uit;

**“plaaslike sakeondernemings of buurtsakegebied”** ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as plaaslike sakeonderneming of gemengde gebruik of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om kommersiële en gemengde gebruiksentwikkeling van lae intensiteit te akkommodeer wat in plaaslike behoeftes aan geriefsgoedere, persoonlike diens of klein sakeondernemings voorsien of as ’n koppelvlak tussen algemene sakeonderneming, aanliggende residensiële gebied dien;

**“residensiële gebied”** ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as informele, enkel of algemene residensiële of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om hoofsaaklik enkelgesin woonhuise in lae- tot mediumdigtheidsbuurte te huisves, asook woongebiede van hoër digtheid en wat insluit beheerde geleentheid vir werksverskaffing van die huis af, addisionele wonings en gemengde gebruiksentwikkeling van lae intensiteit;

**“sakeperseel”** ’n eiendom van waar sake bedryf word en wat ’n restaurant, kroeg of taverne of ander gebou vir soortgelyke gebruik mag insluit, maar ’n vermaaklikheidsplek, instelling vir gaste-akkommodasie, hotel, sport- en gemeenskapklub uitsluit;

**“sonering”** wanneer dit as ’n selfstandige naamwoord gebruik word, ’n kategorie van riglyne wat die ontwikkeling van grond reguleer en wat die doel waarvoor die grond gebruik word en die grondgebruik of ontwikkelingsbestuurbepalings wat van toepassing is op die gemelde kategorie van riglyne, soos deur die Soneringskema bepaal word, uiteengesit;

**“soneringskema”** beteken soneringskema of skemas soos van toepassing in die gebied en in krag binne die Langeberg Munisipale gebied;

**“sport- en gemeenskapklub”** ’n perseel of fasiliteit gebruik vir die byeenkom van gemeenskaps- of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat meestal nie vir wins bedryf word nie en gemeenskapsdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke geriefsfasiliteite kan insluit, maar ’n nagklub uitsluit;

**“vermaaklikheidsplek”** ’n plek hoofsaaklik gebruik vir kommersiële vermaak wat moontlik ’n relatief groot aantal mense kan lok, buite normale sake-ure bedryf word of op ’n gereelde grondslag lawaai van musiek of joligheid veroorsaak, en sluit in bioskoop, teater, pretpark, danssaal, gymnasium, totalisator of fasiliteit vir weddenskappe, dobbelsaal, karaoke-kroeg en nagklub, maar sluit casino, sport en gemeenskapklub uit;

**“vonkelwyn”** ’n bruiswyn verkry deur die gis van druiwe, hetsy deur natuurlike of kunsmatige proses, en wat sjampanje insluit;

**“wynmakery”** sluit in persele of fasiliteite wat gebruik word by die vervaardiging van wyn en sodanige persele of fasiliteite vir die pars van druiwe en gis en veroudering van wyn, wynverkope en proelokale, vat- en stoorkamers, botteleerlokale, tenklokale, laboratoriums of kantore en ander bykomende of bykomstige fasiliteite verbonde aan die vervaardiging van wyn, wat kan insluit:

- (a) restaurante en ander voedseldienste; of
- (b) ondergeskikte handelsfasiliteite vir toergroepe of besoekers;

**“wynwinkel”** ’n plek waar verpakte drank verkoop word vir verbruik van die perseel af en sluit in ’n bottelstoor, maar sluit ’n shebeen uit;

**“Wet”** beteken die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008).

- (2) In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan betekenis in die Wet toegeken is, daardie betekenis.

## 2. Toepassing van Verordening

Hierdie verordening is van toepassing op alle:

- (1) Lisensiehouers wat gelisensieer is om alkohol te verkoop in terme van die Wet op enige ander toepaslike wetgewing;
- (2) Lisensies wat hernu is in terme van die Drankwet, 1989 (Wet 27 van 1989), binne die Langeberg Munisipale gebied.

## 3. Handelsdae en -ure vir verkope en verbruik van drank op gelisensieerde persele

- (1) ’n Gelisensieerde mag drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel op die onderstaande dae en ure verkoop:
  - (a) op enige dag van die week; en
  - (b) gedurende die handelsure soos in die Bylae uiteengesit.
- (2) Ondanks subartikel (1), mag ’n hotel of instelling vir gaste-akkommodasie wat gelisensieer is om drank te verkoop, ’n kamerdiensfasiliteit te eniger tyd van die dag aanbied.
- (3) Ondanks die bepaling van hierdie Verordening, mag ’n gelisensieerde soos bedoel in subartikel (1), vonkelwyn bedien:

- (a) van 08:00 tot 11:00 vir sewe dae per week;
- (b) as deel van 'n maaltyd; en
- (c) aan gaste wat deel uitmaak van 'n georganiseerde funksie waar toegang beheer word.

#### **4. Handelsdae en -ure vir verbruik van drank buite gelisensieerde persele**

- (1) 'n Gelisensieerde, met die uitsondering van wynmakerye, wyn- en kettingwinkels, mag drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel op die onderstaande dae en ure verkoop:
  - (a) vanaf Maandag tot Vrydag vanaf 09:00 tot 20:00; en
  - (b) op Saterdag vanaf 09:00 tot 18:00maar nie op Sondag nie.
- (2) Gelisensieerde wynmakerye, wyn- en kettingwinkels mag drank vir verbruik buite die perseel op die onderstaande dae en ure verkoop:
  - (a) vanaf Maandag tot Saterdag vanaf 09:00 tot 20:00; en
  - (b) op Sondag vanaf 09:00 tot 17:00.

#### **5. Handelsure en -dae waarop handel gedryf mag word**

- (1) Die handelsure en dae waarop handel gedryf mag word van die verskillende tipes lisensies, soos gelys in kolom 1 van die bylae, is deur die munisipaliteit bepaal soos aangedui in kolom 2 van die bylae en mag, onderworpe aan artikel 4, deur die munisipaliteit hersien word van tyd tot tyd.
- (2) Geen lisensiehouer mag drank verkoop van enige perseel soos gelys in kolom 1 van die bylae op enige tyd en dag anders as dit wat in kolom 2 van die bylae aangedui word nie.
- (3) 'n Lisensiehouer wat subartikel (2) oortree, pleeg 'n misdryf.

#### **6. Oorgangsbepalings**

- (1) Onderworpe aan die bepalinge van die Wet, sal handelsure van toepassing op 'n dranklisensie uitgereik voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening steeds van toepassing wees totdat sodanige lisensie kragtens die Wet hernu word.
- (2) Die handelsure waarna in subartikel (1) verwys word, sal geldig wees totdat die lisensie verstryk het soos bedoel in artikel 62(2) van die Wet.

#### **7. Oortredings en boetes**

- (1) 'n Gelisensieerde wat artikels 3 en 4 van hierdie Verordening oortree, begaan 'n oortreding.
- (2) 'n Gelisensieerde wat 'n oortreding begaan waarna in subartikel (1) verwys word, is by skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete wat nie R30 000,00 oorskry nie of 'n gevangensistermyn wat nie drie jaar oorskry nie, of aan beide sodanige boete of gevangenisstraf.
- (3) Enige persoon wat voortgaan om 'n oortreding te begaan, sal skuldig wees aan 'n oortreding vir elke dag waarop daardie persoon in gebreke bly om hierdie Verordening na te kom.
- (4) 'n Hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n oortreding kragtens hierdie Verordening mag alternatiewe vonnis in plaas van 'n boete of tronkstraf opleë.
- (5) Enige persoon wat drank verkoop in stryd met die voorwaardes van 'n lisensie, is skuldig aan 'n misdryf en is aanspreeklik met skuldigbevinding vir 'n boete of tronkstraf of beide, soos gespesifiseer in die Wet (Artikels 32(3) en 87 van die Wet), soos gewysig.
- (6) 'n Persoon mag nie drank verkoop sonder 'n lisensie nie. 'n Persoon wat drank verkoop sonder 'n lisensie, en sonder dat instelling verleen is in terme van Artikel 84 van die Wet, is in stryd met die Wet en is skuldig aan 'n misdryf en is aanspreeklik met skuldigbevinding vir 'n boete of tronkstraf of beide, soos gespesifiseer in die Wet (Artikels 32(3) en 87 van die Wet), soos gewysig.

#### **8. Kort titel en inwerkingtrede**

Hierdie Verordening word die Langeberg Munisipaliteit Drankhandelsure Verordening genoem en tree in werking op die datum van die publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

**BYLAE**  
**Handelsure vir verbruik van drank op gelisensieerde persele**

| Handelsure vir verbruik van drank op gelisensieerde perseel   |                               |
|---|-------------------------------|
| Liggingskategorie & tipe gelisensieerde perseel   | Maksimum toegelate handelsure |
| <b>1. Residensiële gebied</b>   |                               |
| Instelling vir gaste-akkomodasie  | 11:00 – 23:00                 |
| Sakeperseel   |                               |
| Sport-en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale byeenkomste wat tydelike lisensies vereis  |                               |
| Plek van vermaaklikheid   |                               |
| Hotel   |                               |
| Casino  |                               |
| <b>2. Plaaslike of buurtsakegebied met inbegrip van gemengde gebruiksareas</b>  |                               |
| Instelling vir gaste-akkomodasie  | 11:00 – 23:00                 |
| Sakeperseel   |                               |
| Vermaaklikheidsplek   |                               |
| Sport- en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale byeenkomste wat tydelike lisensies vereis   |                               |
| Hotel   | 11:00 – 01:00 volgende dag    |
| Casino  |                               |
| <b>3. Algemene sakegebied</b>   |                               |
| Instelling vir gasteakkomodasie   | 11:00 – 24:00                 |
| Sakeperseel   |                               |
| Vermaaklikheidsplek   |                               |
| Sport en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale byeenkomste wat tydelike lisensies vereis  |                               |
| Hotel /Casino   |                               |
| <b>4. Nywerheidsgebied</b>  |                               |
| Sakeperseel   | 11:00 – 01:00 volgende dag    |
| Vermaaklikheidsplek   |                               |
| Sport en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale byeenkomste wat tydelike lisensies vereis  |                               |
| <b>5. Landbougebied / Kleinhoewes</b>   |                               |
| Instelling vir gaste-akkomodasie  | 11:00 - 02:00 volgende dag    |
| Vermaaklikheidsplek   |                               |
| Sport- en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale byeenkomste wat tydelike lisensies vereis   |                               |
| Wynmakery   |                               |
| Hotel   |                               |
| <b>6. Ander ad hoc-liggings</b>   |                               |
| Voertuie of mobiele ondernemings gebruik vir toeriste of vermaak of ontspanningsdoeleindes ooreenkomstig die definisie van “perseel” in artikel 1 van die Wet, tensy enige ander Verordening van die Langeberg Munisipaliteit | 11:00 – 24:00                 |
| Spesiale byeenkomste of tydelike gelisensieerde perseel   | Soos bepaal deur permit       |

**Aantekening: Bepaling van toepaslike liggingskategorie**

Waar die kategorie van die gebied soos hierbo uiteengesit onduidelik is of betwis word of moeilik vasgestel kan word of areas nie homogeen gesoneer is nie (bv. 'n sakegesoneerde perseel in die middel van 'n residensiële-gesoneerde gebied), sal die werklike sonering, toestemming of afwykingsgebruik –regte van die perseel onderhewig aan die lisensie voorrang hê ten einde die kategorie te bepaal.

**REGSTELLINGSKENNISGEWING—SALDANHABAAI MUNISIPALITEIT**

Kennis geskied hiermee dat die Afrikaanse weergawe van die Verordening insake Drankhandelsdae en -Ure vir Saldanhabaai Munisipaliteit soos afgekondig per PN 396 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant No. 7077 van 24 Desember 2012 hiermee ingetrek word en vervang word met die weergawe hieronder aangedui:

**SALDANHABAAI MUNISIPALITEIT****VERORDENING INSAKE****DRANKHANDELSDAE EN -URE**

Ingevolge die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verorden die Saldanhabaai Munisipaliteit soos volg:—

*Inhoudsopgawe*

1. Woordomskrywings
2. Toepassing van die verordening
3. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele
4. Handelsdae en -ure vir die verkoop van drank buite gelisensieerde persele
5. Aanstelling van gemagtigde beamptes
6. Bepaling van tipe gelisensieerde persele
7. Afdwinging
8. Aansoek om verlengde handelsure
9. Jaarlikse hernuwing van lisensies
10. Appèl
11. Oortredings en boetes
12. Kort titel en inwerkingtreding

**1. Woordomskrywings**

- (1) In hierdie verordening tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenis:

**“algemene industriële gebied”** ’n gebied wat gesoneer is om alle vorms van industrieë te akkommodeer, maar sluit nie aanstootlike bedryf en risiko-aktiwiteite in nie;

**“algemene residensiële gebied”** ’n sone wat ontwerp is om ’n gesonde, veilige en aangename omgewing vir stedelike verblyf teen hoër digtheid te verskaf;

**“algemene sakegebied”** ’n gebied wat ooreenkomstig die soneringskema gesoneer is om ekonomiese ontwikkeling in sakedistrikte en ontwikkelingskorridors te bevorder, en sluit ’n wye verskeidenheid grondgebruik in soos sake-, residensiële en gemeenskapsgebruik;

**“bed-en-ontbyt-onderneming”** ’n woonhuis of tweede woning wat aan die hoofwoning vas is en waarin die eienaar teen vergoeding huisvesting of maaltye verskaf aan verbygaande gaste wat permanent elders woon, op voorwaarde dat—

- (a) in die geval waar die tweede woning aan die hoofwoning vas is, die primêre gebruik van die hoofwoning steeds sal wees om ’n enkele gesin te huisves;
- (b) nie meer as vyf vertrekke per grondeenheid gebruik mag word om gaste of kamerhuurders te huisves nie; en
- (c) die eiendom voldoen aan die toepaslike soneringskema vir ’n bed-en-ontbyt-onderneming;

**“die Wet”** die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig;

**“drank”** enige vloeistof of middel wat meer as 1% alkohol per volume of massa bevat, met uitsluiting van—

- (a) brandspiritus;
- (b) medisyne wat onderworpe is aan registrasie ingevolge die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965); en
- (c) produkte wat nie vir menslike verbruik bedoel is nie;

**“drinkplek”** ’n drinkplek waarvan die primêre funksie is om alkoholiese drank vir verbruik op die perseel te bedien, maar kan ook voedsel bedien of vermaak verskaf;

**“gastehuis”** ’n woonhuis of tweede woning wat uit nie meer as 15 kamers of akkommodasie vir 30 gaste bestaan nie en wat—

- (a) in 'n onderneming is wat die beperkings vir 'n bed-en-ontbyt-onderneming oorskry;
- (b) gebruik word vir die doel om teen vergoeding huisvesting en maaltye aan verbygaande gaste te verskaf; en
- (c) mag fasiliteite vir sakebyeenkomste of opleidingssessies vir gaste op die perseel insluit;

**“gelisensieerde”** enige persoon of regsentiteit wat ingevolge die Wet gelisensieer is om drank te verkoop vanaf persele met gepaste grondgebruiksregte en sluit enige bestuurder, agent of werknemer van die gelisensieerde in;

**“gelisensieerde perseel”** 'n plek, grond, gebou of deel van 'n gebou ten opsigte waarvan 'n lisensie om drank te verkoop ingevolge die Wet uitgereik is en sluit 'n voertuig of vaartuig wat hoofsaaklik vir die vervoer van toeriste of passasiers gebruik word in ;

**“gemagtigde beampte”** enige werknemer van die munisipaliteit wat gemagtig is om die bepalings van hierdie verordening af te dwing of te implementeer;

**“gesoneer”** gesoneer en sonering na gelang die geval ingevolge die toepaslike soneringskema of enige toepaslike wet en “sonering” het 'n ooreenkomstige betekenis;

**“hotel”** 'n eiendom wat gebruik word as tydelike residensiële huisvesting vir verbygaande gaste waar verblyf of maaltye teen vergoeding verskaf word, en sluit in—

- (a) 'n restaurant of restaurante wat deel uitmaak van die hotel;
- (b) konferensie- en vermaaklikheidsfasiliteite wat ondergeskik is aan en bykomstig is tot die hoofgebruik van die eiendom as 'n hotel; en
- (c) persele wat gelisensieer is om alkoholiese drank te verkoop vir verbruik op of weg van die eiendom af; maar sluit 'n bed-en-ontbyt-onderneming, gastehuis, buiteverbruikfasiliteit, oornagplek vir rugsakreisigers of soortgelyke verblyfplek of wooneenheid uit;

**“karaoke-kroeg”** 'n onderneming wat interaktiewe vermaak verskaf waar amateursangers met behulp van 'n mikrofoon en 'n luidsprekerstelsel saam met opgeneemde musiek of 'n musiekvideo sing;

**“kleinhoewe of landelike gebied”** 'n gebied hoofsaaklik as landelik gesoneer, of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om kleiner landelike eiendomme wat vir landboudoeleindes gebruik kan word te akkommodeer, maar kan ook in 'n meer plattelandse of landelike opset primêr as woonplekke gebruik word;

**“klub”** sluit 'n sportklub, gemeenskaps- of diensklub, nagklub of fasiliteit in;

**“kroeg”** 'n kleinhandelonderneming wat hoofsaaklik alkoholiese drankies bedien;

**“landbougebied”** 'n gebied hoofsaaklik vir landbou gesoneer of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om landbouaktiwiteit op 'n plaas as 'n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm, waar beperkte voorsiening gemaak word vir nie-landbougebruike om aan eienaars 'n geleentheid te gee om die ekonomiese potensiaal van hulle eiendomme te verhoog.

**“munisipaliteit”** die Munisipaliteit van Saldanhaabaai, gestig ingevolge Artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), en sluit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, behoorlik gemagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan in wat optree in verband met hierdie verordening uit hoofde van 'n mag wat in die munisipaliteit gevestig is en na sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

**“nagklub”** 'n vermaaklikheidslokaal wat hoofsaaklik vermaak in die vorm van musiek, dans en tentoonstelling verskaf, maar sluit 'n kroeg, drinkplek of taverne uit;

**“oornagplek vir rugsakreisigers”** 'n gebou waar oornagverblyf per bed of kamer verskaf word en sodanige oornagplek mag kook-, eet- en gemeenskaplike fasiliteite of gemeenskaplike gebiede vir gebruik deur mense wat oornag inkorporeer, saam met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik daarmee saam gebruik word, maar dit sluit nie 'n hotel, woonhuis, tweede woonhuis of groepshuis in nie;

**“Owerheid”** die Wes-Kaapse Drankowerheid wat ingestel is ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008);

**“perseel”** 'n plek, grond, gebou, deel van 'n gebou, voertuig of vaartuig wat hoofsaaklik vir die vervoer van toeriste gebruik word;

**“plaaslike sakesone”** 'n gebied wat 'n tussensone voorsien om as 'n buffer of koppelvlak tussen algemeen sakesones en ander nie-residensiële gebiede met hoër digtheid en residensiële gebiede te dien;

**“kamerdiensfasiliteit”** 'n minikroeg of selfbedieningsfasiliteit vir die verbruik van drank in gastekamers en 'n oproepdiens vir inwonende gaste;

**“residensiële gebied”** 'n gebied hoofsaaklik gesoneer as informele, enkele of algemene residensiële gebied, of met enige ander ekwivalente sonering, met die doel om hoofsaaklik enkelgesinwoonhuise in lae- tot mediumdigtheidsbuurte te huisves, asook woongebiede van hoër digtheid en wat insluit beheerde geleentheid vir werkverskaffing van die huis af, addisionele wonings en gemengde gebruiksonwikkeling van lae intensiteit;

**“oord”** 'n plek of 'n onderneming wat gebruik word vir onspanning of rekreasie, wat besoekers vir vakansies lok, wat poog om vir die meeste behoeftes van 'n vakansieganger voorsiening te maak terwyl hulle op die perseel bly, byvoorbeeld voedsel, drank, verblyf, sport, vermaak en inkopies;

**“regulasies”** die Wes-Kaapse Drankregulasies, 2011, gepromulgeer ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008;

**“restaurant”** 'n onderneming wat voedsel en drank voorberei en aan kliënte bedien, welke maaltye gewoonlik op die perseel bedien en geëet word, maar kan ook wegneemetes en voedselafleweringdienste aanbied;

**“spesiale geleentheid”** 'n openbare aktiwiteit met 'n geskeduleerde tyd, ligging en tydsduur, wat die volgende kan insluit, maar wat nie daartoe beperk is nie: sportgeleentheid, konserte, feeste, parades en uitstallings by vaste persele of tydelike persele;

“soneringskema” die soneringskema of -skemas van toepassing op die gebied en van krag binne die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit.

“sport- en gemeenskapsklub” ’n perseel of ’n fasiliteit wat gebruik word vir die byeenkoms van die gemeenskap of burgerlike organisasies of assosiasies, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat nie vir wins bedryf word nie en kan gemeenskapsdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke fasiliteite insluit, maar sluit ’n nagklub uit;

“taverne” ’n plek van besigheid waar mense byeenkom om alkoholiese drankies te drink en om voedsel te geniet;

“vermaaklikheidsplek” ’n plek wat oorwegend vir kommersiële vermaak gebruik word en wat relatief groot getalle mense kan lok, of wat op ’n gereelde grondslag lawaai van musiek of joligheid veroorsaak, en sluit ’n bioskoop, teater, danssaal, dobbelsaal, karaoke-kroeg en nagklub in, maar word nie daartoe beperk nie, en sluit ’n casino uit;

“vonkelwyn” ’n bruiswyn verkry van die gis van druiwe, hetsy deur natuurlike of kunsmatige prosesse, en wat sjampanje insluit;

“wyn” wyn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet 60 van 1989);

“wynmakery” persele of fasiliteite wat gebruik word vir die vervaardiging van drankprodukte wat die volgende kan insluit, maar wat nie beperk is daartoe nie—

- (a) wyn;
  - (b) ’n alkoholiese vrugtedrank;
  - (c) ’n spiritueelie;
  - (d) drank met ’n druiwebasis;
  - (e) drank met ’n spiritueeliebasis;
  - (f) ’n spesiaal gemagtigde drank;
- en sodanige perseel of fasiliteit mag—
- (i) spesifiek ontwerp wees om fasiliteite vir die produksie van drank in te sluit; of
  - (ii) proekamers, vat- en stoorkamers, botteleringskamers, tenkkamers, laboratoriums of kantore en ander bykomende of aanvullende fasiliteite bykomstig tot die produksie van drank hê, wat die volgende kan sluit—
    - (aa) restaurante en ander voedseldienste; of
    - (bb) ondergeskikte kleinhandelsfasiliteit vir toeriste of besoekers.

## 2. Toepassing van die Verordening

Hierdie verordening is van toepassing op alle gelisensieerde persele binne die jurisdiksie van die munisipaliteit.

## 3. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele

- (1) ’n Gelisensieerde mag op die volgende dae en binne die volgende ure drank verkoop vir verbruik op die gelisensieerde perseel:
  - (a) op enige dag van die week; en
  - (b) gedurende die handelsure soos uiteengesit in die Bylae;
- (2) Ondanks subartikel (1) mag ’n hotel of gastehuis wat gelisensieer is om drank te verkoop ’n kamerdiensfasiliteit enige tyd van die dag aanbied.
- (3) Ondanks die bepalings van hierdie verordening mag ’n gelisensieerde, soos bedoel in subartikel (1), vonkelwyn bedien—
  - (a) van 08:00 tot 11:00 vir sewe dae per week;
  - (b) as deel van ’n maaltyd; en
  - (c) aan gaste wat deel uitmaak van ’n georganiseerde funksie waar toegang beheer word.

## 4. Handelsdae en -ure vir die verkoop van drank buite gelisensieerde persele

’n Gelisensieerde mag drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel op die volgende dae en gedurende die volgende ure verkoop:

- (a) op enige dag van die week met die uitsondering van godsdienstige vakansiedae, tensy anders aangedui in die Bylae; en
- (b) gedurende die handelsure wat in die Bylae uiteengesit word.

## 5. Aanstelling van gemagtigde beamptes

Die munisipaliteit mag enige beampte aanstel om die bepalings van hierdie verordening te implementeer en af te dwing.

## 6. Bepaling van tipe gelisensieerde perseel

Waar die definisie of kategorie van enige gelisensieerde perseeltipe, soos weerspieël in items 1 tot 7 van die Bylae tot hierdie verordening, onseker

is of moeilik bepaal kan word, mag 'n gemagtigde beampte, soos bedoel in artikel 5, die definisie daarvan bepaal ten einde die handelsure wat daarop van toepassing is, te bepaal.

## 7. Afdwinging

- (1) 'n emagtigde beampte mag, in die uitvoering van sy of haar funksies ingevolge hierdie verordening—
  - (a) op alle redelike tye—
    - (i) enige gelisensieerde perseel;
    - (ii) enige perseel ten opsigte waarvan 'n aansoek ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, ingedien is, en
    - (iii) enige perseel waarop hy of sy redelike gronde het om te vermoed dat drank strydig met die bepalings van hierdie verordening verkoop word,binnegaan en sodanige ondersoek instel, navraag doen of inspeksies doen as wat hy of sy nodig mag ag.
- (2) Wanneer die gemagtigde 'n perseel ingevolge hierdie artikel binnegaan, moet hy of sy hom- of haarself aan die persoon in beheer van die perseel identifiseer.
- (3) 'n Gemagtigde beampte mag 'n nakomingskennisgewing aan die gelisensieerde of enige persoon in beheer van 'n gelisensieerde perseel bedien en 'n beroep op sodanige persoon doen om die bepalings van hierdie verordening na te kom.
- (4) 'n Nakomingskennisgewing moet die volgende stipuleer—
  - (a) die bepalings van die verordening wat nagekom moet word;
  - (b) die handeling of versuim wat op nie-nakoming neerkom;
  - (c) die stappe wat geneem moet word om die bepalings na te kom;
  - (d) die datum of tyd waarop die bepalings nagekom moet word, waar van toepassing; en
  - (e) die moontlike gevolge van nie-nakoming.

## 8. Aansoek om verlengde handelsure

- (1) Wanneer 'n gelisensieerde ingevolge artikel 59(4) van die Wet by die Owerheid aansoek doen om die verlenging van handelsure, sal die munisipaliteit die reg hê om 'n beswaar in te dien teen sodanige verlenging op grond daarvan dat die toestaan van die verlengde ure—
  - (a) nie in die openbare belang is nie;
  - (b) die volgende sal benadeel—
    - (i) die inwoners van 'n residensiële gebied;
    - (ii) die inwoners van 'n instansie vir bejaardes of verswakte persone;
    - (iii) die leerders van 'n opvoedkundige instansie wat onder die ouderdom van 18 (agtien) jaar is;
    - (iv) die pasiënte van 'n instansie vir die behandeling van dwelm- of alkoholverwante afhanklikheid;
    - (v) die gemeentelêde van 'n godsdienstige instansie wat in die omgewing van die betrokke gelisensieerde perseel geleë is; of
    - (vi) enige ander relevante faktore wat sodanige beswaar regverdig.
- (2) 'n Beswaar ingevolge hierdie artikel moet ingevolge regulasie 26 van die Regulasies deur die munisipale bestuurder gehanteer word.
- (3) (a) Ondanks die handelsure soos bepaal in artikels 3 en 4, mag 'n gelisensieerde, teen betaling van die voorgeskrewe fooi, by die munisipaliteit aansoek doen om verlenging van sodanige ure.
- (b) By oorweging van die aansoek bedoel in paragraaf (a) mag die munisipaliteit insette verkry vanaf—
  - (i) die betrokke wykskomitee;
  - (ii) omliggende inwoners wat geaffekteer mag word;
  - (iii) die plaaslike Gemeenskapspolisieringsforum;
  - (iv) die aangewese drankoffisier van die S.A. Polisiediens; en
  - (v) enige gemeenskapsorganisasie soos kerkgroepe, belastingbetalers-, of sakeforums

## 9. Jaarlikse hernuwing van lisensies

- (1) Die munisipaliteit, of enige van die instansies of persone vermeld in artikel 8(3)(b), sal die reg hê om verhoë te rig teen die outomatiese hernuwing van 'n dranklisensie binne sy jurisdiksiegebied—

- (a) waar die gelisensieerde perseel nie gesoneer is vir sodanige gebruik ingevolge die munisipaliteit se skemaregulasies nie; of
  - (b) waar die gelisensieerde perseel, sedert die laaste hernuwing van sodanige lisensie, die onderwerp was van 'n klagte of klagtes wat deur die munisipaliteit ontvang is.
- (2) Die munisipale bestuurder moet die vertoë voor 31 Julie van die jaar voor die jaar ten opsigte waarvan die hernuwing van toepassing sal wees, skriftelik indien by die Owerheid indien.

#### **10. Appèl**

'n Persoon of regsentiteit wie se regte deur 'n besluit van die munisipaliteit ingevolge 'n gedelegeerde gesag geraak word, mag appèl aanteken teen daardie besluit deur binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit skriftelik aan die munisipale bestuurder kennis te gee van die appèl en die redes daarvoor ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 32 van 2000.

#### **11. Oortredings en boetes**

- (1) 'n Gelisensieerde wat artikel 3 en 4 van hierdie verordening oortree, begaan 'n oortreding.
- (2) 'n Persoon wat die uitvoering van 'n gemagtigde beampte se pligte verhinder of belemmer, begaan 'n oortreding.
- (3) Enige persoon wat die bepalings van hierdie verordening oortree, sal by skuldigbevinding blootgestel wees aan—
  - (a) 'n boete of gevangenisstraf, of aan òf sodanige boete òf gevangenisstraf, of aan sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf;
  - (b) in die geval van 'n voortgaande oortreding, aan 'n addisionele boete of aan 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf of aan sodanige addisionele gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of aan sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige oortreding voortgaan; en
  - (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige kostes en uitgawes wat volgens die hof as gevolg van sodanige oortreding of versuim deur die munisipaliteit aangegaan is.

#### **12. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie verordening word die Saldanhabaai Munisipaliteit se Verordening insake Drankhandelsdae en -ure genoem en tree in werking op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.

**BYLAE**  
**Handelsure op gelisensieerde persele**

| <b>Liggingskategorie (met aard van grondgebruik oorwegend soos hier onder aangedui en tipes gelisensieerde persele)</b>  | <b>Toegepaste maksimum handelsure</b>  |                                       |
|--|--|---------------------------------------|
| <b>1. Residensiële gebiede (insluitend enkel, algemeen en informele residensiële gebiede)</b>  | <b>Binneverbruik</b>   | <b>Buiteverbruik</b>                  |
| Regtensvergunde bed-en-onthby-ondernemings/gastehuisse (d.w.s. sonder dat enige afsonderlike soneringsgoedkeuring nodig is)  | 11:00 — 23:00  |                                       |
| Bed-en-onthby-ondernemings/gastehuisse/oornagplekke vir rugsakreisigers (hetsy fasiliteite vir konferensies/geleenthede/funksies ingesluit is of nie)  |  |                                       |
| Kroeg/drinkplek/taverne/restaurant   |  |                                       |
| Nagklub/karaoke-kroeg/vermaaklikheidslokaal/teaters  |  |                                       |
| Sport- en gemeenskapsklubs/diensklubs/nutsbedryfsfasiliteite/gemeenskapsentrums (met uitsluiting van spesiale geleenthede en tydelike lisensies)   |  |                                       |
| Hotel  | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| <b>2. Plaaslike of buurtsakegebiede (insluitend gemengde gebruiksareas bestaande uit enkel/algemeen residensiële afgewissel met sakegebruik — bv. gebiede wat as plaaslikesake- of gemeenskapsgebruik gesoneer is of enige ander ekwivalente sonering)</b> |  |                                       |
| Bed-en-onthby-ondernemings/gastehuisse/oornagplekke vir rugsakreisigers (hetsy fasiliteite vir konferensies/geleenthede/funksies ingesluit is of nie)  | 11:00 — 23:00  |                                       |
| Kroeg/drinkplek/taverne/restaurant   |  |                                       |
| Nagklub/karaoke-kroeg/vermaaklikheidslokaal/teaters  | 11:00 — 24:00  |                                       |
| Sport- en gemeenskapsklubs/diensklubs/nutsbedryfsfasiliteite/gemeenskapsentrums (met uitsluiting van spesiale geleenthede/tydelike lisensies)  |  |                                       |
| Hotel  | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Oord   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Drankwinkel/bottelstoor/wynwinkel/kleinhandelvoedselwinkels  |  | 09:00 — 20:00<br>Sondae 09:00 — 14:00 |
| <b>3. Algemene sakegebiede (bv. gebiede wat vir algemene sake gesoneer is of enige ander ekwivalente sonering)</b>   |  |                                       |
| Bed-en-onthby-ondernemings/gastehuisse/hotelle/oornagplekke vir rugsakreisigers (hetsy fasiliteite vir konferensies/geleenthede/funksies ingesluit is of nie)  | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Kroeg/drinkplek/taverne/restaurant   |  |                                       |
| Nagklub/karaoke-kroeg/vermaaklikheidslokaal/teaters  |  |                                       |
| Sport- en gemeenskapsklubs/diensklubs/nutsbedryfsfasiliteite/gemeenskapsentrums (met uitsluiting van spesiale geleenthede/tydelike lisensies)  |  |                                       |
| Drankwinkel/bottelstoor/wynwinkel/kleinhandelvoedselwinkel   |  | 09:00 — 20:00<br>Sondae 09:00 — 14:00 |
| Oord   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| <b>4. Industriële gebiede (bv. gebiede wat vir algemeen-industriëlegebruik gesoneer is of enige ander ekwivalente sonering)</b>  |  |                                       |
| Kroeg/drinkplek/taverne/restaurant   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Sjebien  |  |                                       |
| Nagklub/karaoke-kroeg/vermaaklikheids- of onthaalplek/teater   |  |                                       |
| Sport- en gemeenskapsklubs/diensklubs/nutsbedryfsfasiliteit/gemeenskapsentrums (met uitsluiting van spesiale geleenthede/tydelike lisensies)   |  |                                       |
| Drankwinkel/bottelstoor/wynwinkels   |  | 09:00 — 20:00<br>Sondae 09:00 — 14:00 |
| Oord   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Wynmakery  | 11:00 — 02:00 volgende dag   | 09:00 — 20:00 (Sondae ingesluit)      |
| <b>5. Landbougebiede (bv. gebiede wat vir landbou gesoneer is of met enige ander ekwivalente sonering)</b>   |  |                                       |
| Gaste-akkommodasie (hetsy fasiliteite vir konferensies/geleenthede/funksies ingesluit is of nie)   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Kroeg/drinkplek/taverne/restaurant   |  |                                       |
| Nagklub/karaoke-kroeg/vermaaklikheidsplek/teaters  |  |                                       |
| Sport- en gemeenskapsklubs/diensklubs/nutsbedryfsfasiliteite/gemeenskapsentrums (met uitsluiting van spesiale geleenthede/tydelike lisensies)  |  |                                       |
| Hotel  | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Oord   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Wynmakery  | 11:00 — 02:00 volgende dag   | 09:00 — 20:00 (Sondae ingesluit)      |
| <b>6. Kleinboere of landelike gebied</b>   |  |                                       |
| Gaste-akkommodasie (hetsy fasiliteite vir konferensies/geleenthede/funksies ingesluit is of nie)   | 11:00 — 23:00  |                                       |
| Kroeg/drinkplek/taverne/restaurant   |  |                                       |
| Nagklub/karaoke-kroeg/vermaaklikheidsplek/teaters  |  |                                       |
| Sport- en gemeenskapsklubs/diensklubs/nutsbedryfsfasiliteite/gemeenskapsentrums (met uitsluiting van spesiale geleenthede/tydelike lisensies)  |  |                                       |
| Oord   | 11:00 — 02:00 volgende dag   |                                       |
| Wynmakery  | 11:00 — 24:00  | 09:00 — 18:00 (Sondae ingesluit)      |
| <b>7. Ander liggings</b>   |  |                                       |
| Voertuie of mobiele ondernemings wat vir toeriste-, vermaaklikheids- of ontspanningsdoeleindes gebruik word, soos per definisie van 'gelisensieerde persele' in artikel 1, buiten waar die munisipaliteit anders bepaal                                    | 11:00 — 24:00  |                                       |
| <b>8. Spesiale geleenthede of persele met tydelike lisensies</b>   | Soos bepaal deur geleentheidspermit en/of Drankowerheid nie later nie as 02:00 die volgende dag. |                                       |

Nota: Bepaling van toepaslike liggingskategorie

Waar die liggingskategorie, soos hier bo uiteengesit, onduidelik is of indien daar 'n dispuut daaroor is of indien dit moeilik is om te bepaal, of indien gebiede nie homogeen gesoneer is nie (bv. 'n perseel wat vir sakedoeleindes gesoneer is in die middel van 'n residensiële gebied), sal die werklike sonering, toestemming of afwykingsgebruiksregte van die gelisensieerde perseel voorkeur geniet vir die bepaling van die kategorie.

Western Cape  
Government

BETTER TOGETHER.

## INVITATION TO NOMINATE MEMBERS TO HEALTH FACILITY BOARDS

The term of office of many health facility boards at hospitals ("Boards"), constituted in terms of the Western Cape Facility Boards Act, Act 7 of 2001 ("the Act"), expires during February 2013. The Provincial Minister of Health therefore invites community bodies or persons to nominate persons to serve on newly constituted Boards.

In accordance with section 6(1) of the Act, the Provincial Minister must appoint not less than eight but not more than fourteen members to a Board, including:

- (a) persons representing a community or communities served by the health facility;
- (b) at least one person with technical expertise in business, law, finance, accounting or some other area relevant to the functions of the Board;
- (c) the head of the hospital;
